| 28 Augustus | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE




**SONDAG 30 AUGUSTUS 2026 SE EREDIENSTE:**

| 08:00 | 09:00 | 10:00 |
|---|---|---|
| **Kuierkerk** | **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Stephan Naudé | Heinrich Carstens | Stephan Naudé |
| **Romeine 12:1-21** | **Romeine 12:1-21** | **Romeine 12:1-21** |

LIG | DEERNIS | HOOP







LIVE

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai.

YouTube

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

# Deuroffers

## Sondag 30 Augustus




## Sondag 6 September



# Program vir die week 31 Aug - 6 Sep 2026

## Maandag 31 Augustus

***11:30*** Preekwerksgroep (Kapel)

***17:00*** HK Fondseverg. (Kafeh)

## Sondag 30 Augustus

***16:45***

Kogelberg Kids (Fynbospark)

## Dinsdag 1 September

***09:00*** Hangklip Gebedsgroep

***11:00*** Gerimed Gebedsgroep

***16:30*** Kleinmond Gebedsgroep

***17:30*** Getuienis (Kapel)

## Woensdag 2 September

***11:00*** Dagbestuur (Kapel)

***17:00*** Dissipelskap Reisgenote (Hangklipkerk)

***18:00*** Rusplek (Kapel)

***18:30*** Dissipelskap Reisgenote (Kleinmondkerk)

## Wyksbyeenkoms Ba1 - Ba3

Woensdag 2 Sep

10:00

Koos en Marianne de Wet

12 de Laan 7

## Donderdag 4 September

***06:00*** Hangklip Mannegroep

***06:30*** Kogelberg Mannegroep

***09:00*** Werkswinkel: Strategiese Beplanning (Kapel)

# welkom NUWE INTREKKERS

**Petrus Herodes en Karen Hester Boshoff** van Porterville **(PM3)**

**Hendrina Maria Davie** van Durbanville-Bergsig **(KB5)**

**Jacoba Anna Jooste** van Stampriet **(PB2c)**

**Fredirik en Jolanda Potgieter** van Malelane **(Sb2)**

**Judith Viljoen** van NHK Alberton **(BB1a)**

Mag julle geseënd en gelukkig wees in ons gemeente.

Mag julle voorwaar 'n geestelike tuiste hier by ons vind.

## KERKKANTOOR*ure*

| Maandag - Vrydag | 10:00 - 13:00 |
| --- | --- |

### KONTAKBESONDERHEDE

Telefoon: 028 271 3470

E-pos: info@ngkogelberg.co.za

Whatsapp: 076 134 7157

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# Dissipels maak dissipels

*Alle gelowiges en lidmate van ons gemeente is dissipels van Jesus wat ook as gestuurdes van Jesus ander mense sy dissipels maak. Ten einde hierdie voorreg en roeping uit te leef, moet ons mekaar bemoedig, help en toerus.  Hierdie dissippelmaking en dissipel wees vir ander moet deurentyd of algaande deel wees van ons hele gelowige gemeenskap en ons doel is om elke lidmaat hiermee te help.*

*Ons gemeente het verskillende toerustingsgeleenthede soos byvoorbeeld die "Die dissipelskapreis" en "Die Plan" en die nuwe kursus "Dissipels maak dissipels" om ons te help om dissipelmakers te wees. Hierdie toerusting is aanvullend tot mekaar en is nie in kompetisie met mekaar nie. Die verskeidenheid gee lidmate die geleentheid om toegerus te word op 'n plek, tyd en lengte wat hulle omstandighede pas.*

**Doel:** Om lidmate te help om beter dissipels en dissipelmakers te wees.
**Wanneer:** Weekliks vanaf **21 September tot 7 Desember** (10 byeenkomste), vakansie uitgesluit.
**Tydsduur: 2 ure** per byeenkoms.
**Tyd**: Na-ure soos ooreengekom met die kursusgangers.
**Waar:** Die plek **(Kleinmond of Hangklip)** word bepaal deur die meerderheid kursusgangers van 'n streek.
**Koste: R 200**
**Aantal:** Beperkte aantal kursusgangers. Die kursus word waarskynlik jaarliks aangebied.
**Inskrywings:** Inskrywingsvorms beskikbaar by Ryk van Velden (082 857 4368).

**Inskrywings sluit 13 September.**

***REGISTRASIE- EN BESTELVORM VIR DEELNEMERSWERKBOEK***
***Dissipelmaking Opleiding: 21/09/26 tot 07/12/26***

*Hiermee die registrasie- en bestelvorm vir Deelnemerswerkboek. Die Deelnemerswerkboek is beskikbaar en word gelyktydig bestel by registrasie by die aanbieders van die kursus.*

*Ons herinner jou ook daaraan dat lidmate wat die kursus voltooi ook 'n sertifikaat ontvang.*

***Registrasie***

*Registrasie vir die kursus en bestellings vir die Werkboek word geplaas deur onderstaande vorm volledig in te vul en te epos na Ryk van Velden rvanvelden@hotmail.com Die vorm kan ook afgelewer word by Ryk van Velden (117 5de Laan, Kleinmond).*

***Betaling***

*Bewys van betaling moet jou bestelling vergesel. Inbetaling moet gemaak word aan: NG Kerk Kleinmond, ABSA (3220-150-320),*
*Verwysing: Naam en Van & DMD (bv. J Smit DMD).*
*Stuur bewys na: admin@ngkogelberg.co.za*

*Kontantbetalings by Ryk van Velden.*

*Die koste van 'die kursus is R 200 en sluit die Werkboek in.*

**DISSIPELS MAAK DISSIPELS**

**KURSUSREGISTRASIE- EN BESTELVORM DEELNEMERSWERKBOEK**

**Naam en Van** ..............................................................................................................

**Streek (Hangklip/Kleinmond)** ..........................................................................................

**E-posadres** ................................................................. **Tel/sel** ......................................

**Handtekening** ........................................................... **Datum** .....................................

# Erfenisdag 24 September



## Kan jy help?

Ons is op soek na Suid-Afrikaanse vlae, springbokvlae, baniere, tafeldoeke en enige ander dekor-items. Ons wil graag hierdie items leen vir die Erfenisdag Braaifees.

Items kan by die Kerkkantoor afgelaai word.

*Dankie*



# Die *Omgee* Boetiek

**by die Kerksaal**
*in Eerste Laan*

**Ons ontvang donasies uit die gemeente.**

Ons genereer fondse deur goeie kwaliteit items **billik te verkoop.**

Ons versprei ook voorraad na mense wat **behoeftig of in nood is.**




*Besoek ons*
**Maandae en Vrydae**
**(10:00 tot 12:00vm)**
*en kom snuffel self!*

Elke aankoop maak 'n verskil.
Elke bydrae bring hoop.

Kontakpersoon:
**Corrie Hugo**

**084 877 5356**

*Dankie vir jou omgee!*

Omgee. Deel. Hoop gee. Saam maak ons 'n verskil.

# Maandag




# Dinsdag




Getuienisbediening
Dinsdag om 17:30 in die Kapel

# Woensdag


Dagbestuur
Woensdag 2 September
om 11:00 in die Kapel


Rusplek
Woensdag om 18:00
begelei deur Stephan Naudé


Dissipelskap Reisgenote
Woensdae
17:00@ Hangklipkerk
18:30 @ Kleinmondkerk

# Donderdag


Kogelberg Mannegroepe
Donderdae
06:00 Hangklipkerk
06:30 Kleinmondkerk


Werkswinkel: Strategiese Beplanning
Die breë doel is om konteks te gee aan die Strategieseplan vir 2027, asook ruimte te skep vir mede-eienaarskap.
Donderdag 3 September
09:00
Kleinmondkerk
Alle belangstellendes is welkom!

# Naaldekokers

**BREI • HEKEL • KUIER • KOFFIE • VRIENDSKAP**


*Kreatief wees. Verbind. Ontspan.* ♡



GEMEENSKAP & LEER



DEEL IDEES & INSPIRASIE



ONTSPAN & GENIET





SAAM KUIER, SAAM SKEP



ELKE DONDERDAG

(VANAF 3 SEPTEMBER 2026)

10–12 UUR

♡ TYD ♡

Alle vlakke welkom

Koffie & tee beskikbaar

Bring jou eie projekte

Vriendelik & ondersteunend

*Kom maak, lag en skep saam met ons!* ♡

Navrae: Kontak gerus vir meer inligting **084 4093025**

# Geloofsvorming




# 1&2 Oktober





Fynbospark needs Volunteers!
Fynbospark
AFTREE-OORD | RETIREMENT VILLAGE
YOU can make a difference!
Our residents have so much love to give and wonderful stories to share. Your time, your smile, your heart... means the world to them.
Every bit of love helps!
Volunteers are the heart of our community!
READ TO OUR RESIDENTS
BRING ENTERTAINMENT (SINGING, MUSIC, ETC.)
COLLECT RESIDENTS FOR CHURCH
PLAY GAMES (CHESS, BINGO, CARDS ETC.)
COME VISIT AND PRAY
TAKE RESIDENTS FOR WALKS
SERVE IN OUR DINING HALL
PROVIDE FLOWERS FOR RECEPTION, DINING HALL & LOUNGE AREAS
COME ENJOY A MEAL WITH A RESIDENT
BAKE CAKE FOR BIRTHDAYS
TAKE THEM ON OUTINGS
HELP OUT AT RECEPTION
HELP IN THE KITCHEN
HELP DROP OFF FOOD TO THE COMMUNITY
DONATE
HELP RAISE FUNDS
AND SO MUCH MORE...
Thank you for being thehe sunshine in someone's day!
SHARE THE LOVE ♡ BACK A OUPA ♡ BACK A OUMA
Give a little sunshine make someone's day.
Interested in volunteering?
028 271 3602 | fynbosontvangs@gmail.com | https://fynbosdienssentrum.co.za/
Together, we can make every day brighter.

**Guelph Teater, Kleinmond**

**in samewerking met NG Gemeente Kogelberg**

**bied aan**




***DF-gemengde koor kom see toe***

Die beste gemengde koor soos pas aangewys by die ATKV Applous kom kuier in Kleinmond, onder leiding van die alombekende dirigent, Jade Paige. Kom vier saam met ons, MUSIEK!

Cantare Mannekoor

In Harmonie Dames Ensemble

Mannekwartet "Fier"

**20 September 2026**

15:30 vir 16:00

**NG Kerk, 4e Laan, Kleinmond**

R50pp betaalbaar by deur

Gemeenskaps-

# DAGBOEK

## Caledon Kersmark

CALEDON KERSMARK

'n Fees van geskenke

**26 - 31 Oktober 2026**

NG Moedergemeente Kerksaal

| | |
|---|---|
| **Maandag :** | **14:00 - 19:00** |
| **Dinsdag - Donderdag :** | **09:00 - 18:00** |
| **Vrydag :** | **09:00 - 19:00** |
| **Saterdag :** | **09:00 - 14:00** |

**Navrae:**
**Chrisna Delport - 082 944 4505**

KOM KUIER SAAM BY CALEDON KERSMARK -
**ALMAL WELKOM!**

## Saterdag 29 Augustus

Hendriëtte Ludick 072 320 5648 (BB6)
Francoise Roos 083 270 9683 (Sb3)
Alta van Wyk 081 271 3230 (KB5

## Sondag 30 Augustus

Dirk Crafford 082 535 5378 (KB4)
Reinerie Pretorius 084 251 8899 (Sa1)
Hermie vd Merwe 083 629 5565 (Ba1b)
Hermien van Zyl 072 424 7807 (KB6)

## Maandag 31 Augustus

Hettie Le Grange 083 775 4822 (PM1)
Catherine Polzi (PB2c)
Marlè Strauss 082 215 0612 (PM5)
Wilmine van Heerden 083 627 2426 (Sa3)
Pieter Zeeman 071 670 3205 (Ba2

## Dinsdag 1 September

Sonnet du Plessis 079 497 3259 (Ba2)
Elsa Grové 082 742 8602 (Sa1)
Alta Jones 083 270 5698 (BB5)
Tiaan Schoeman (Bb3)
Dayna Stofberg 084 805 1301 (Sa3



## Woensdag 2 September

Christine Cuyler 082 822 3956 (Ba1a)
Suzanne Jordaan 074 944 5534 (Sc2)

## Donderdag 3 September

Shareen Gerber 084 645 8960 (HK2)
Buks Lourens 083 276 1855 (Sc1)
Hennie Louw (Ba2)
Joan Marnewick 082 538 0792 (Sa4)
Tilla Mouton 082 299 1765 (PM1)
John Nel (KB5)
Rika Steenkamp 082 573 2135 (Sa2)

## Vrydag 4 September

Corli Brits 083 397 1333 (Bb2)
Mireille Nel 082 256 3444 (Bb4)

Lekker verjaar...



# Gee julleself aan God as lewende en heilige offers

GESPREKSBLAD VIR GROEPE OOR ROMEINE 12

**1. Gesels bietjie saam...**

- Vertel van iemand wat jou lewe verander het – nie deur groot woorde nie, maar deur hoe hulle geleef het.
- Wanneer laas het iemand jou met vriendelikheid verras toe jy eintlik 'n ander reaksie verwag het?
- Watter een van hierdie drie woorde beskryf jou week die beste: druk, vrede of hoop? Hoekom?
- Mense sê dikwels: “Mense verander nie regtig nie.” Stem julle saam of nie? Hoekom dink julle so?

**2. Ons storie nou...**

- Paulus begin Romeine 12 nie met 'n opdrag nie, maar met God se ontferming. Daarna vra hy dat ons anders moet dink en anders moet leef.
- Ons leef egter in 'n wêreld waar mense dikwels vra: “Moet ek my geloof volg of my verstand?” Baie mense dink geloof beteken om nie krities te dink nie, terwyl ander meen dat rasionele denke geloof oorbodig maak.
- Paulus sê iets verrassend: “Laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.”
- Geloof vra dus nie dat ons ophou dink nie; geloof vra dat ons anders leer dink – met Christus as vertrekpunt.
- Gesels saam
  - Waar ervaar jy spanning tussen geloof en die manier waarop die wêreld dink?
  - Watter boodskappe hoor ons elke dag oor sukses, identiteit en geluk?
  - Hoe beïnvloed sosiale media, nuus en mense rondom jou die manier waarop jy dink?
  - Wat beteken dit prakties om jou denke deur God te laat vernuwe?
  - Paulus praat van 'n lewende offer: Wat beteken dit om jou hele lewe – werk, huis, geld, tyd en verhoudings – aan God beskikbaar te stel?
  - Watter deel van jou lewe is vir jou die moeilikste om aan God oor te gee?

**3. God se storie...** Lees saam Romeine 12:1-21

- God se ontferming is die beginpunt (verse 1–2)
  - Paulus sê “op grond van die ontferming van God”.
  - Hoekom begin Paulus by God se genade voordat hy oor gehoorsaamheid praat?
  - Wat is die verskil tussen om iets vir God te doen om Sy liefde te verdien of om iets te doen omdat jy reeds Sy liefde ontvang het?
- Vernuwende denke (verse 2–3)
  - Paulus waarsku teen hoogmoed en selfverheffing.
  - Hoe lyk hoogmoed vandag?
  - Kan minderwaardigheid ook 'n verkeerde manier wees om oor jouself te dink?
  - Wat beteken “beskeidenheid” volgens hierdie gedeelte?
- Een liggaam, baie gawes (verse 4-8)
  - Paulus gebruik die beeld van ‘n liggaam.
  - Waarom gebruik hy hierdie beeld?
  - Wat leer dit ons oor verskille in die gemeente?
  - Watter gawes sien julle in mekaar raak?

- Liefde sonder maskers (verse 9–16)
  - Die liefde moet opreg wees.
  - Watter woorde of frases tref julle die meeste in hierdie gedeelte?
  - Waarom dink julle noem Paulus soveel praktiese voorbeelde van liefde?
  - Watter een voel vir jou die moeilikste?
- Oorwin die kwaad deur die goeie (verse 17–21)
  - Waarom verbied Paulus wraak?
  - Hoe lyk dit om iemand te seën wat jou seergemaak het?
  - Wat beteken vers 21 in ons Suid-Afrikaanse konteks van verdeeldheid, konflik en onreg?

**4.Hoe die Bybel ons storie verander...**

- Paulus beskryf nie net 'n mooi ideaal nie; hy beskryf die lewe van dissipels.
- Dink oor jou lewe:
- Jou denke:
  - Is daar 'n manier van dink wat God hierdie week in jou wil verander?
  - Watter leuen oor jouself of ander moet plek maak vir God se waarheid?
- Jou gawes
  - Waar gebruik jy jou gawes tans om ander te dien?
  - Waar hou jy dalk terug?
- Jou liefde
  - Kies een van Paulus se opdragte wat jy hierdie week doelbewus wil uitleef:
    - Wees gasvry.
    - Bly saam met dié wat bly is.
    - Treur saam met dié wat treur.
    - Seën iemand wat jou teleurgestel het.
    - Soek vrede waar daar spanning is.
    - Oorwin kwaad deur iets goeds te doen.
- Praktiese uitdaging vir die week: "Die Goedheids-uitdaging."
  - Elkeen kies een persoon teenoor wie hy of sy doelbewus 'n daad van liefde gaan doen.
  - Dit kan wees: 'n telefoonoproep, 'n koffie-afspraak, vergifnis vra of aanbied, iemand help sonder dat hulle dit verwag, vir iemand bid en hulle daarvan laat weet.
- Volgende week vertel ons vir mekaar hoe dit gegaan het.

**5. Sluit af met geleentheid vir gebed...** en bid saam vir:

- Nuwe denke wat deur die Heilige Gees gevorm word.
- Nederigheid om mekaar met liefde te dien.
- Die moed om kwaad met goed te antwoord.
- Mense in jou lewe met wie vrede moeilik is.
- Dat ons gemeente 'n plek sal wees waar mense eerste liefde, dan hoop en uiteindelik geloof beleef.

**6. Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag - Romeine 12:1-21
- Dinsdag - Romeine 13:8-14
- Woensdag - Eksodus 12:1-14
- Donderdag - Esegiël 33:7-11
- Vrydag - Matteus 18:15-20